# BYBELSE MANLIKHEID



**In die begin het God Sy bloudruk, Sy "design" vir elke man gehad. God het mans, mans gemaak vir vele redes.**

Vandag gaan ons kyk na 'n paar en dan ook hoe julle wat nou jong seuns is ook eendag julle rolle moet vervul as HOOF van die huis.

Meisies vir julle, sodat julle ook eendag wanneer julle voor die keuse te staan kom, om te kan onderskei tussen wat is 'n wêreldse man is en dan ook 'n man wat God lief het en Hom wil verheerlik deur sy lewe. Sodat ook julle as die Here vertoef om te kom, ook God kan verheerlik deur wys te wees in die keuses wat julle maak.

Ons lees in Genesis 2 waar God vir Adam, selfs voor Eva daar was, opdragte gegee het. Ons het laasweek na van hulle gekyk.

Eerstens soos gesê: ADAM IS DIE HOOF. Hy was 1ste geskape en toe Eva. Hierdie is deel van God se orde.

Die eerste ding wat die mens moes doen:

GEN 2:15 – "Toe het die HERE God die mens geneem en hom in die tuin gestel om dit te bewerk en te bewaak."

Toe God alles gemaak het, het God alles baie mooi en baie goed gemaak, so die werk was nie harde werk nie, maar dit was nogsteeds 'n taak wat die man moes doen.

**'n Man moet toegewyd wees om God te vereer in sy werk**. Alles wat hy doen moet hy doen asof hy dit vir die Here doen.

Ons lees ook in

**KOL 3:23 " Doen alles van harte soos vir die Here en nie vir mense nie."**

**HY MAG NIE LUI WEES NIE**

Spreuke 6:6-11; Spreuke 26:13-16

1 Timotheus 5:8 "Maar iemand wat vir sy eie mense, veral sy huisgenote, nie sorg nie, het die geloof verloën en is slegter as 'n heiden."

DIt is ook een ding om te werk en heeltyd daaroor te kla. So 'n houding verheerlik ook nie God nie.

FILIPENSE 2:14 – Doen alles sonder murmureing of teëspraak.

Gee altyd jou beste, al sien niemand jou nie. GOD SIEN JOU.

Ons lees ook in Genesis 2 waar God vir ADAM die opdrag gegee het, voor God Eva geskape het, om nie van die boom te eet nie. Adam het heel moontlik vir Eva onderig in God se opdrag, omdat ons nie lees dat God weer die opdrag vir altwee gegee het nie.

**Die man se ander rol is ook om die vrou en die gesin te onderig en self toegewyd te wees aan God se opdragte en God se Woord.** Een van die belangrikse take is nie net om te sorg dat almal se magies vol is nie, maar ook om seker te maak hulle siele kry kos. Om hulle te voed met God se Woord.

Mattheus 4:4 " Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan."



**Hy moet toegewyd wees aan sy gesin**

**Genesis 2:24: Daarom sal die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef en hulle sal een wees.**

'n Man gaan nie meer net vir homself lewe nie, maar gaan alles doen om na die belange van sy gesin om te sien.

Ook 'n manier hoe 'n mens kan toets of hy wel toegewyd aan sy gesin eendag sal wees:

Die 5de gebod – As hy sy pa en sy ma eer dan sal hy ook eendag sy vrou eer en hy sal vir sy gesin goed wees.

## HY MOET 'n LEIER WEES IN LIEFDE





Liefde is nie net 'n gevoel nie…

Ons kry 3 soorte liefde

Die Philia, Eros en Agape

Jy kies om werklik lief te wees vir iemand.

Hierdie liefde wat ook nodig is, is ook die opofferende liefde wat Jesus ook aan ons bewys het.



As ons moet kyk na die ILLUSTRASIE van die huwelik – Dit is die verhouding tussen CHRISTUS wat die HOOF is en dan die KERK wat Sy BRUID is.

Efesiërs 5 : 25 – 27 Manne, julle moet jul eie vrouens liefhê soos Christus ook die gemeente liefgehad het en Homself daarvoor oorgegee het om dit te heili, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord, sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees."

Toe ons nog sondaars was, het Jesus vir ons aan die kruis gesterf omdat Hy ons so lief gehad het. Hy het ons 1ste lief gehad. Hy het ook alles gedoen wat nodig was om ons te reinig en te heilig om ons sonder vlek of rimpel voor Hom te kan stel.

Efesiërs 5: 28 – So behoort mans hulle eie vroue lief te hê soos hule eie liggame. Wie sy eie vrou liefhet, het omself lief; want niemant het ooit sy eie vlees gehaat nie, maar hy voed dit en koester dit net soos die Here die gemeente."

En hierdie punt sluit aan by ons volgende: **HY MOET LEI IN GEREGTIGHEID**

As jy iemand liefhet, gaan jy nie wil hê hulle moet sondig nie. Net soos wat Jesus sy bruid ook dan geheilig het sodat sy vlekkeloos voor Hom gestel kan word, is di took die man se verantwoordelikheid om sy bruid eendag vlekkeloos te bewaar. Rein en heilig. Die man moenie die oorsaak wees dat die vrou sondig nie en so ver dit van hom afhang moet hy ook nie laat sy in enige opsig struikel nie. Hy moet haar eer ook beskerm.

Hy is veronderstel om haar te lei in geregtigheid, in dit wat reg is voor God. Dit is hoekom dit so belangrik is dat die man die toegewyd moet wees aan die Woord van God, sodat hy kan onderskei tussen wat reg en verkeerd is en wat dit is wat God van ons verwag.

**Voetnota:** As ons terug gaan na Genesis toe, na die sondeval. Deur wie het sonde in die wêreld ingekom?

Die antwoord lê in Genesis 3:17 – Deur ADAM – Omdat Adam na die vrou geluister het, is die aarde deur hom vervloek.

Hierdie standaarde is baie hoog en soms lyk dit onmoontlik om daarby te kom en dalk voel die meisies dat sulke outjies bestaan nie. Maar deur God se genade en deur te waak en te bid kan 'n mens daarna streef. Jy gaan dalk nie elke dag by dit uitkom nie, maar elke dag 'n bietjie meer as gister.

